BYLAAG 1b

PROTOKOL EN PROSEDURE VIR DIE ISOLASIE VAN 'N PASIËNT

PROTOKOL	Om voorkomende maatreëls daar te stel wat die verspreiding van die infeksie sal verhoed en om die geaffekteerde persoon te versorg.
TOEPASLIKE WETTE	• Waste Act , 2008 (Act no 59 of 2008) • Hazardous substances Act, 1973 (Act no. 5 of 1973) • Enviroment conservation Act, 1973 (Act no. 73 of 1989) • Occupational Health and Safety Act, 1993 (Act no. 85 of 1993 • National Environment Management: Waste Act, 2008 (Act 59 of 2008)
BENODIGHEDE VIR ISOLASIE KAMER (LINNE , TOERUSTING)	**Beskermende Klere (PPE) :** • Latax handskoene • Wegdoenbare voorskote • Mediese Maskers • Oorjas wat uniform beskerm (groen teaterjas) • Wegdoenbare haar kappie vir sekere siekte toestande **Toerusting binne in kamer :** • Bed wat verkieslik afgewas kan word • Kamer met 'n wasbak en toilet is ideaal • Linne ± 4 stelle • Waskomme x 1 per pasiënt • Skerpvoorwerphouer • Hand ontsmetmiddel "Hand sanitizer " tenminste 70% alkohol basis • Algemene vullis houer met deksel met duidelik gemerkte sak "aansteeklik" . Vir verwydering deur mediese afval firma. • Bedpan, Urinaal, Toiletpapier • Algemene vullis houer met deksel met geel sak bv.sneesdoekies, papier, skille • Mediese afval houer (menslike afskeiding) met deksel met rooi sak binne in • Droeë linne houer vir droeë gekontamineerde linne met sak wat duidelik gemerk is "AANSTEEKLIK" • Plastiek houer met water aangemaak met Biocide (sien aanwysings op pakkie) of JIK 1:9 vir besoedelde nat linne. Houer moet dig passende deksel hê. • Houer met Biocide of JIK 1:9 vir was van skottelgoed en eetgerei. • Beperkte voorraad linnebeskermers "linen savers" om linne te beskerm. • Persoonlike items moet tot die minimum beperk word • Skoonmaak toerusting – plat mop, voorgeskrewe kleur lappies vir wasbak, oppervlaktes ens. Skoonmaakmiddels (anti-bakteriële skoonmaakmiddel vir vloer en oppervlaktes), emmer vir water. • "Spilkit" houer. • Bord , eetgerei, beker en glas

	Toerusting buite deur van isolasie kamer **Trollie met die volgende op:** • Waskom vir handewas. • Seep en water. • Papier handdoek. • Hand ontsmetmiddel ten minste 70% alkohol basis. • PPE toerusting soos bo gelys. **Ander:** • Algemene vullis houer met deksel. • Alle relevante sorgvorms en rekords. • Linnebeskermers "linen savers".
VOORBEREIDING VAN DIE ISOLASIE KAMER	• Verseker dat voldoende wasgeriewe en handhigiëne beskikbaar is. • Verseker dat daar voldoende handwas voorraad en hand ontsmettingsmiddel wat 'n alkohol basis het van ten minste 70% en hoër is. • Handwas geriewe met seep en handdoek papier moet geskep word by kamer/area vir personeel om hande te was na daar met die inwoner gewerk is. (Kom of wasbak). • Hand ontsmettingsmiddel moet by wasbakke en voor die deur van die kamer/area wees . • Verseker voldoende ventilasie in die kamer. Maak vensters oop waar moontlik . • Plaas isolasie tekens voor deur en area om isolasie area aan te dui. "ISOLASIE AREA GEEN TOEGANG". • Besoekers moet nie toegelaat word nie. Of tot die absolute minimum beperk word. Laasgenoemde besluit sal deur die fasiliteit se Bestuur geneem word. • Waar beperkte besoeke wel toegelaat word, moet n register bygehou word vir kontak opsporing. • Hou meubels tot n minimum en maak seker dat alles afgewas kan word. • Verseker voldoende en genoeg voorraad van PPE (Beskermende klere) buite die kamer/area. • Plaas 'n trollie buite die kamer/area met PPE voorraad. • Kontrole moet oor voorraad gehou word om kontinuum dienslewering te verseker. • Houer moet duidelik gemerk wees "Besoedelde aansteeklike linne" sodat washuis die linne volgens die protokol en prosedure kan hanteer. • Plaas skerpvoorwerp houer binne isolasie kamer. • Hou die ge-infekteerde persoon se klerasie tot die minimum. • Verseker dat waterhouer, koppie, sneesdoekies en enige items vir persoonlike higiëne van die inwoner, binne bereik van die inwoner is. • Slegs die noodsaaklikste toerusting word in die isolasie kamer toegelaat (mag nie verwyder word nie) bv. Steteskoop, Termometer, Bloeddrukapparaat. • Alle toerusting/items/gebruiks artikels wat in die isolasie kamer gebruik word mag nie uit die area verwyder word nie bv. tydskrifte,

	radio ens. • Plaas mediese afvalhouer met deksel en rooi sak binne in vir menslike afval wat verwyder moet word deur mediese afval firma. • Hou alle anti-bakteriële skoonmaakmiddels in die kamer wat gebruik word om toerusting/vloere ens skoon te maak. • Verseker kommunikasie vanuit kamer na versorgings personeel/inwoners se families ens. byvoorbeeld telefoon, roepstelsel en klokkie. • Voedsel moet vanaf die deur van die isolasie kamer oorgeskep word in 'n bord binne in die kamer. Geen lepels waarmee ingeskep word, mag aan die bord in die isolasie kamer raak nie.
PROSEDURE VOORDAT ISOLASIE KAMER BINNE GEGAAN WORD	• Bring alle toerusting wat nodig is in gereedheid. • Was hande vir ten minste 20 sekondes met anti-bakteriële seep en verkieslik lopende warm water. Droog hande deeglik af met handoek papier en gooi in gewone vullishouer. • Spuit hande met alkohol basis 70% hand ontsmettingsmiddel. • Trek PPE buite isolasie kamer aan om self- kontaminasie te verhoed (Oorjas, masker, handskoene, haarbedekking). - Sit masker op en verseker masker sit gemaklik en bedek mond en neus. - Indien haarbedekking gebruik word , plaas nou op hare. - Trek latex handskoene aan.
PROSEDURE WANNEER ISOLASIE KAMER VERLAAT WORD	• Na afhandeling van alle sorgaksies moet die PPE uitgetrek word, so naby as moontlik aan die uitgangs deur, en moet in die isolasie kamer in die voorgeskrewe houer geplaas word, wat gemerk is "AANSTEEKLIK". • Uittrek van PPE : - Haal haarbedekking af, plaas in vullis houer gemerk "AANSTEEKLIK" - Verwyder masker en plaas in vullis houer soos bo aangedui - Hou handskoene aan, trek linker oorjas mou uit dan regter oorjas mou – moet nie aan die "binnekant" van die oorjas raak met die hande nie. - Maak seker dat die gekontamineerde buite deel van die jas nie aan uniform raak nie. - Plaas versigtig in die vullis houer wat duidelik gemerk is "AANSTEEKLIK" - Verwyder dan een handskoen deur dit by die gewrigsarea met die ander hand af te stroop – plaas in bogenoemde houer - Stroop die tweede handskoen met die kaal hand af en plaas in bogenoemde houer • Was dadelik hande nadat handskoene verwyder is buite kamer, volgens handewas regime
SKOONMAAK PROSEDURE IN DIE ISOLASIE KAMER	Skoonmaak van die isolasie kamer moet deur versorgings personeel gedoen word, om personeel in kontak met siektetoestand te beperk • Vloer van isolasie kamer moet daagliks volgens protokol en prosedure skoongemaak word met n klam plat mop wat in kamer moet bly. Geen besem • Alle oppervlaktes moet met anti-bakteriële klam lap afgevee word • Alle menslike afskeiding/uitskeiding moet skoongemaak word met "Spilkit" volgens die prosedure .

	• Skoonmaak toerusting (moppe) moet geweek word in Biocide na gebruik, uitgedroog word en onderste bo gebêre word om droog te word in kamer • Gebruikte water moet oorgegooi word in ander houer by die deur sonder aanraking van die houers. Gebruikte water moet in spoelkamer uitgegooi word. • Stort/bad/toilet moet 2 x dag en soos nodig skoongemaak word, met anti bakteriële skoonmaakmiddels. Vee alle oppervlaktes af bv, bedkassies, oorhoofse tafels, gryprelings en gebruiks artikels bv. radio , klokkie ens.
HANTERING VAN GEÏNFEKTEERDE LINNE IN WASHUIS	**Persoonlike beskermings toerusting (PPE) vir personeel in washuis:** • Handskoene • Masker • Oorjas/PVC Voorskoot **Prosedure vir die hantering van geinfekteerde linne/ gekontamineerde linne (Bloed, faeces/stoelgang en braaksel)** • Enige linne/klere wat met bloed, menslike uitskeiding/afskeiding of bloederige weefsel besmet is, moet personeel hulself beskerm met handskoene • Alle soliede materiaal moet eers in spoelkamer verwyder word, deur dit af te skud of liggies met water af te spuit, sonder om te "sluice". • Gekontamineerde linne moet geweek word in 'n plastiese gemerkte houer met deksel, waarin water gegooi is met Biocide/Jik 1:9 oplossing. Skoonmaak personeel moet besoedelde linnehouer washuis toe neem. • Spoel/"sluice" van linne mag slegs in washuis geskied. • Volg voorgeskrewe wasinstruksies. **Geïnfekteerde linne** • Plaas geïnfekteerde linne in 'n geel sak of duidelik gemerkte sak. "geïnfekteerde linne" • Versend na washuis. • Geinfekteerde linne moet apart van ander linne gewas word. • Alle toerusting wat gebruik was tydens kontaminasie moet na gebruik met anti-bakteriële middel afgespuit word. • Stryk linne soos gewoonlik.
HANTERING VAN GEWONE AFVAL EN MEDIESE AFVAL	**Algemene afval** • Moet in voorgeskrewe sak geplaas word en in aangewysde area gestoor word totdat die afval verwyder kan word deur die mediese afval firma. (Maak seker diere, knaagdiere kan nie die vullis sakke oopskeur nie **Mediese afval** • Alle kliniese afval moet in 'n rooi sak geplaas word (bv. verbande) en verwyder word deur mediese afval firma • Skerp voorwerpe houer. Indien dit in 'n isolasie kamer was, moet dit binne 'n rooi sak gesëel word, AANSTEEKLIK gemerk word en so spoedig moontlik na die mediese afval firma gestuur word.

AFSTERF VAN PASIËNT WAT IN ISOLASIE WAS	Stel begrafnis ondernemer in kennis dat persoon gediagnoseer was met ‘n aansteeklike siekte.
TERMINALE SKOONMAAK	Na opheffing van isolasie, moet die terminaal skoongemaak word nadat die oorskot verwyder is.
VERSORGING:	Professionele optrede van personeel is uiters belangrik vir ‘n inwoner met ‘n aansteeklike siekte. Kommunikeer met die inwoner en stel die inwoner gerus. **Medikasie:** Vir veiligheid redes moet “blister” verpakking nie in die isolasie kamer gehou word nie. Medikasie moet buite die kamer vanuit die blister verpakking in ‘n medisyne glasie oorgegooi word. Na toediening moet die medisyne glasie geweek word in ‘n Milton of Jik 1:9 oplossing wat elke 24uur aangemaak word en in ‘n houer op die trollies buite die kamer staan.

Wolmarans

Mev Rika Wolmarans
Direkteur: Ouer Persone